

Inhoud Hierdie preek wys hoe die verdraaiing van Jesus Christus as God na 'n afgod menslike verhoudings verwring. Mense maak Jesus 'n afgod sodat God hulle besitting kan wees. Hulle maak God hulle besitting met dade soos om God aan te neem en God hul eie te maak. Wie God hul besitting maak, is bemagtig om mense ook hul besittings te maak sodat hulle mense maak soos hulle mense sien en wil hê, en volgens hul begeertes gebruik, terwyl almal in hierdie disfunksionele menswees glo hulle ervaar ware liefde. Christus verlos mense uit hierdie verlorenheid deur hulle net aan Hom te laat behoort en aan mekaar te gee soos Hy as God hulle as mense vir mekaar bedoel.

Skriflesing Romeine 1: 16 - 28

Teks Romeine 1: 28: "En omdat hulle dit van geen belang ag om God te ken nie, gee Hy hulle oor aan hulle verdraaide opvattinge, sodat hulle doen wat onbetaamlik is."

Tema Christus maak ons vir mekaar reg in die regte skepping

1. Ons het 'n vorige keer by Romeine 1: 16 – 28 stilgestaan en gesien afgodsdien is niks anders nie as popspeel met God nie. Popspeel met Jesus is hoe mense hul self godloos maak om goddelik te wees.

Afgodsdien is net soos 'n dogtertjie wat met popspeel haarself die ma in haar eie lewe maak sodat sy in haar eie gemoed en lewe nie meer 'n dogtertjie is nie, maar ma. Met popspeel maak sy haar ma die afwesige ma en haarself die teenwoordige ma.

Net so werk afgodsdien! Mense maak van Jesus die afgodsbeeld in hulle eie gemoed en lewe wat hulle deel van God se mag, krag, lewe, wil, naam en raadsplan maak, en God as Skepper afwesig maak in hul lewe. Mense maak van Jesus hierdie innige popbeeld wie as jy Hom styf teen jou vashou, Hom 'n drukkie gee en soetjies met Hom praat, Hy jou eie met God se goddelikheid maak.

Dit is hoe afgodsdien met 'n innige beeld van Jesus, Jesus as Here en God in hulle eie lewe afwesig maak om in hul selfopgemaakte wêreld goddeloos en goddelik te kan leef.

2. Nou gaan ons na die tweede gedeelte van hierdie popspeel met God kyk in Romeine 1: 18 – 28.

Wat doen mense met mekaar wat God popspeel met God? Afgodsdien is nie net die onderdrukking van die waarheid van God volgens die eerste vier gebooe van die eerste tafel van die Tien Gebooe nie. Dit is ook die onderdrukking van die waarheid

oor wie mense is en moet wees volgens die laaste ses gebooie van die tweede tafel van die wet.

Popspeel met God verdraai goddeloosheid om mense se godsdienstigheid te wees. Popspeel met God verdraai ongeregtheid tussen mense om hulle reg en hulle liefde te mag wees. (Rom. 1: 18)

Dit is waarna ons nou wil gaan kyk in Romeine 1: 18 – 28! Wat maak mense met mekaar wat met God popspeel?

Dit is wat vers 28 aankondig! In die 2020 Afrikaanse vertaling klink dit só: “Omdat hulle dit verwerplik beskou het om aan God erkenning te gee, het god hulle oorgegee aan ’n verwerplike denkwys, sodat hulle onbetaamlik optree.”

In die 1983 Afrikaanse vertaling klink dit só: “En omdat hulle dit van geen belang ag om God te ken nie, gee Hy hulle oor aan hulle verdraaide opvattinge sodat hulle doen wat onbetaamlik is.”

3. Die verdraaide opvattinge van mense is om die teenwoordige Here se eer, dank en erkenning op te eis as mense se eer, dank en erkenning: “Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig.” (1: 25) Dit is die verdraaide opvatting van die goddeloosheid van mense: God word afwesig gemaak in hulle lewe sodat mense mekaar kan eer en dien soos God geëer en gedien moet word.

Hoe werk dit? Doodeenvoudig! Verdraaide opvattinge gaan oor verdraaide liefde!

In goddeloses se gemoed moet mense mekaar lief hê met hulle hele hart, hulle hele siel, verstand en al hul kragte, en God moet jy soos jouself liefhê, soos jou naaste, een van ons!

Wat doen ’n dogtertjie met haar boeties en sussies wanneer sy hulle saam met haar laat popspeel? Die pop maak haar die “ma.” Wat maak haar pop haar boeties en sussies? In haar popspeel maak sy hulle nou haar seuntjies en dogtertjies. Hierdie verwarre verhouding tussen boeties en sussies wie nou ma en seuntjie en dogtertjies moet speel, is wat Paulus noem “verwerplike denkwys (2020 Vertaling) of “verdraaide opvattinge” (1983 vertaling)

Met haar pop skep sy ’n eie kunsmatige wêreld waar sy ma is en nie net ’n kind wat saam met ander boeties en sussies, kinders is nie. In popspeel-wêreld is hulle nou kunsmatige ma en seuntjies en dogtertjies. Hulle het nie meer ’n regte ma en is nie meer vir mekaar regte broers en susters nie. Hulle leef nou nie meer in die regte wêreld nie maar in hul eie kamma-kamma land.

Dit is wat afgodsdienste doen met mense-verhoudings. Dit maak selfopgemaakte rolle en verwronge misplaaste selfbeelde die regte lewe met mekaar en die regte lewe met mekaar, afwesig. Dit maak kamma-kamma menswees vir en met mekaar die werklike lewe met mekaar. Disfunksionele menswees en verhoudings word binne afgodsdienste, die ware mens wees en regte verhoudings met mekaar!

4. Die eerste voorbeeld van hoe die kerk popspeel met God en met mekaar is opgeteken in Exodus 32.

Daar kan in die gemoed van elke Israeliet geen twyfel wees oor wat God vir hulle gedoen het om hulle uit Egipte se slawerny te bevry nie. Wat God vir hulle gedoen het, het hulle self beleef en gesien. Hulle het elkeen van die Tien plae self ervaar. Hulle het deur die Rooi See getrek terwyl die Egiptenare verdrink het. Hulle het die wolk en vuurkolomme gesien en ervaar. Hulle het die kwartels uit die hemel en manna self geëet. Niks daarvan kon vir hulle onduidelik, onverstaanbaar of vaag gewees het nie.

Die oomblik toe God vir hulle egter sê om te wag vir sy geboorte waarvolgens hulle nou binne sy liefdevolle sorg moet leef, doen hulle twee dinge. Volgens vers 1 bra hulle vir Aaron om vir hulle 'n beeldjie van 'n bulkalf te maak, 'n afgod te maak om hulle te kan lei as God omdat hulle nou kamstig sonder God is en God weg is. Die rede wat hulle aangee hoekom God wat alles vir hulle tot nou toe gedoen het, is dat Moses na hulle gevoel te lank weg is en Moses die een was wat al die wonderwerke vir hulle gedoen het. Alles wat hulle sê, weet hulle self is 'n godsdienstige leuen.

Die rede vir hierdie godsdienstige leuen wys in vers 6. Hulle hou in ons taal kerk, sing en loof God vir sy reddingsdade, maar in hulle gemoed is die god wat hulle uit Egipte gered het nou die goue kalfie wat hulle gemaak het. En na die erediens verkeer hulle feestelik wellustig met mekaar. Dit is net wat dit sê. Hulle hou partytjie met losbandige seksuele verkeer met mekaar as die wyse waarop hulle hul godjie dank vir sy verlossing.

Hulle speel pop met God! Hoekom? Om nie aan Hom te behoort wat hulle uit hul nood verlos het nie, omdat hulle nie aan sy wet gebind wil wees nie. Hulle wil mekaar nie as verlostes van God aanvaar nie, maar wil met hul hart, siel, verstand en al hul kragte aan mekaar. Só kan hulle mekaar in hul sondige begeertes sien soos hulle wil, met mekaar maak wat hulle wil en mekaar gebruik waarvoor hulle wil.

As hulle van die God wat hulle verlos het met hul gemoed kan verwring en verdraai om die kalfie te wees soos hulle Hom sien, kan hulle mekaar sien en gebruik volgens die verwronge en verdraaide opvattinge wat hulle van mekaar het. Hulle speel pop met God en met mekaar.

5. Dit is die menslike verwringing en vernieling van mense met mekaar wat van God hul beeld, hul afgodsbeeld maak: hulle maak hul naaste die beeld van hulle van hul naaste het volgens hul eie begeertes!

Dit gebeur in alle intermenslike verhoudinge! In die huwelik maak eggenote van mekaar die beeld wat hulle het van wie die ander in hul begeertes moet wees en aanvaar mekaar nie as man en vrou soos hulle regtig is nie.

Net so maak ouers hul kinders die beeld van wie hul begeer hul kinders moet wees, en verwring daarmee wie hul kinders regtig is soos God hulle maak. Mense maak hul naaste die beeld van wie hulle wil hê hul naaste moet wees en minag mense wie nie soos hul beeld van naaste is nie, as mense wie nie hul naaste is nie.

Met die mag dat mense God maak wie hulle hom wil hê, verwring en verdraai hulle wie mense regtig is om die mense te wees wie mense hulle verbeel hulle moet wees. Hulle doen dit moet die houding: Jy is soos ek jou sien, jy maak soos ek jou wil hê en ek gebruik jou waarvoor ek jou nodig het!

Dit alles word gedoen met die innerlike magsgreep – jy behoort aan my net soos God myne is! Jy is my besitting net soos god my besitting is!

Dit is die hart van kamma-kamma land! Jy moet saamspeel met mense se kunsmatige selfopgemaakte beelde van wie jy is en moet wees in hulle godlose lewe omdat in hierdie kamma-kamma land behoort julle met julle hele hart, siel, verstand en al jul kragte aan mekaar!

6. Dit is wat God se Woord openbaar as wat dit beteken om 'n verlore mens te wees!

In die wyse waarop ons vandag glo en leef is daar amper nie meer iets soos die erkenning en herkenning van verlore mense nie! Verlore mense en verlorenheid is vervang met kamstige onderdrukte, verontregtes en randfigure in die gemeenskap!

Dit is nie toevallig nie. Want in al hierdie sogenaamde onderdrukking en verontregting glo mense dat hulle mekaar besit net soos hulle glo hulle God besit. En dit is die inhoud van verlorenheid.

Verlorenheid is wanneer God jou oorgee om die mens te wees soos jy jouself en ander jou sien, maak en voor gebruik. Wanneer God jou oorgee aan hierdie mag – ek en jy behoort aan mekaar en ons is mekaar se alles. Verlorenheid is wanneer God jou oorgee om te glo glo dat jy god jou besitting maak met belydenisse soos: “Jesus is myne”, “Ek het God aangeneem” of “Ek het God my eie gemaak”. Mense is só vir God verlore, want mense behoort aan God en wie dit andersom draai is vir God soos Hy jou gemaak het om mens te wees vir Hom en jou naaste, verlore.

Daarom is jy volgens die Woord van God ook 'n verlore mens wanneer jy jouself aan mense oorgee en of mense opeis om joune te wees soos julle mekaar sien, mekaar maak en mekaar gebruik, en dan glo dat dit wat ons só met mekaar doen is ware liefde!

Verlore mense leef só: “Ek is joune en jy is myne en ons is mekaar se alles – jy is myne!” Só is mense wie God hul besitting maak vir mekaar as mense soos God hulle mense maak, verlore! Hulle is vir mekaar verlore soos God bedoel het dat hulle mense vir mekaar sou wees!

7. Wanneer ons hoor en sien wat regte verlorenheid is, dan kan ons weer sien en hoor wat beteken regte verlossing soos Paulus dit aankondig in Romeine 1: 16, 17!

Regte verlossing is God wat ons weer reg maak. Die 1983 vertaling “vryspraak” is nie wat die Grieks sê nie. In die 2020 vertaling is dit weer reg vertaal – God se geregtigheid, die manier waarop God ons regmaak – is om ons weer regverdiges te maak!

Verlossing deur God is nie maar net om my skuld weg te vat nie. Verlossing beteken dat God my vir sy regte liefde, regmaak om in hierdie regtig skepping saam met Hom as 'n regverdige te kan lewe. Die regte mens in die regte skepping met God!

Deur ons reg te maak vir sy liefde laat God ons weer aan Hom behoort!

So vat Paulus die bedoeling van die evangelie saam in Rom. 1: 6: “Julle is hierby inbegrepe; ook julle is geroep om aan Jesus Christus te behoort.” (1983) Christus verlos ons van die mag dat ons glo ons behoort aan onself en aan mekaar sodat ons mekaar as mense met ons hele hart, siel, verstand en al ons kragte lief het, en God net soos nog 'n naaste lief het. Hy maak ons reg vir die regte lewe in die regte wêreld, sy skepping, deur ons aan Hom te laat behoort.

Ek behoort net aan Jesus Christus die Here, en aan niemand anders nie!

Verlossing volgens ons voorbeeld klink só! “Ek is jou regte ma en ek gaan toelaat dat jou boetie of jou sussie die mens gaan maak in hulle popspeel wêreld nie. Ek sal jou nie oorgee aan hulle kamma-kamma land en jou iemand maak wat niemand weet wie jy is nie, ook nie jyself nie. Ek maak jou my regte kind in die regte lewe met my as ma en ek maak jou boeties en sussies kinders wat saam met jou regte kinders moet wees. Regte kinders vir mekaar en vir ma! Vry van die popspeel-rolle wat vir jou opgemaak word deur kinders wat nie meer kinders wil wees nie.

Ek stop hierdie speletjie waar ek nie ma en julle nie my kinders is nie. Ek vat hierdie pop nou weg! In hierdie huis speel julle nie pop met mekaar nie asof julle kamstig in

julle eie huis bly nie. In hierdie huis is julle en gedra julle juis as regte boeties en sussies vir mekaar volgens wat ek is jou regte ma en ek bepaal wat is liefde.

My huis! My reëls! My wette! Jy behoort aan my!”

8. Die Here verlos ons deur ons reg te maak om aan Hom te behoort: Jy s myne en niemand anders sin nie.”

Dit is ook hoe ons dit bely in ons geloofsbelydenis “die Heidelbergse Kategismus.”

Die volle bedoeling van die hele Christelike geloof word in hierdie belydenis saamgevat as die eerste artikel van hierdie belydenis op die volgende wyse:

“Sondag 1 Vraag 1 Wat is jou enigste troos in lewe en sterwe? Antwoord. Dat ek met liggaam en siel in lewe en sterwe nie aan myself nie, maar my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort.”

Hierdie belydenis verwoord die evangelie besonders: ek behoort nie aan myself nie, jy behoort nie aan juiself nie, ek en jy behoort aan Jesus Christus alleen!

Ek kan net aan my Here behoort. Ek kan nie aan my man, vrou, kinders, werknemer, werkgewers of die regering behoort nie. Ek behoort een die Here wat my gemaak het, nie aan my man, vrou, kinders of iemand anders nie. Ek is diensbaar aan die Here aan wie ek behoort. Ek is nie daar vir ander om volgens hulle begeertes en hoe hulle my in hulle begeertes sien, gebruik te word nie.

Om aan my Here te behoort verander al my verbintenisse tot alle medemens!

Want omdat jy nie aan juiself behoort nie, kan jy juiself nie aan ’n mens oorgee om sy of haar besitting te wees nie en ook anders nie – jy kan nie ’n ander mens opeis om hom of haarself aan jou oor te gee om aan jou te behoort nie, want hulle behoort nie aan hulle self nie.

Wie gee mense vir mekaar?

Omdat ons aan die Here behoort, gee God ons vir mekaar om vir mekaar man en vrou, ouers en kinders, werkgewer en werknemer, owerheid en onderdaan te wees, maar nooit om mekaar te besit nie. Ons behoort net aan die Here!

Dit maak dat ek myself as man aan jou aan vrou ten volle sal toewy om alles wat ’n man vir sy vrou te wees, vir jou te wees, maar ek sal nooit jou besitting wees nie. Ek is deur die Here vir jou as ouer of kind gegee, en daarom sal ek alles wat ’n ouers vir ’n kind of ’n kind vir ’n ouer vir jou wees, maar nooit jou besitting nie.

Ons behoort aan die Here en Hy gee ons vir mekaar. Daarom is ons nie hoe ons mekaar sien nie, maak ons mekaar nie wie ons is nie en kan ons mekaar nie vir

mekaar se begeertes gebruik nie. Ons is vir mekaar wie die Here ons laat wees en hoe Hy ons diensbaar vir mekaar maak. Ons is vir mekaar gegee maar behoort net aan God.

9. In watter wêreld leef ons as mense, in die regte skepping as regte mense of in die popspeelwêreld?

Ons laat mense wees soos ons hulle sien. Ons maak mense soos ons hulle wil hê en ons gebruik hulle waarvoor ons hulle begeer! In watter wêreld werk dit so! Net in kamma-kamma land! Net in ons selfopgemaakte kunsmatige wêreld!

Daar is nie so skepping waarin mense so kan menswees nie. Dit is regtig net mense se popspeelwêreld binne God se skepping – kunsmatige mense in 'n regte skepping! Dit is net soos die Israeliete by die berg Horeb gemaak het: om 'n eie god en wêreld te op te maak om van die Here en uit sy skepping weg te kom!

Leef ons as ons met mekaar saamleef so: “Ek behoort aan die Here Jesus Christus. Ek is wie Hy my maak en doen waarvoor Hy my diensbaar laat wees, en Hy het my gegee om my lewe met jou te deel?”

Dan leef ons in die regte skepping – verlos uit kamma-kamma land!

As ons só maak: “Ek behoort aan jou en jy behoort aan my! Ek en jy sal vir mekaar wees wees wie ons van mekaar maak en hoe ons mekaar sien. Ons sal mekaar gebruik vir wat ons in en vir ons self begeer”, dan het jy verlossing nodig!

Want só is jy van jouself en mense soos julle deur God vir mekaar bedoel en gegee word, verlore! Daarom maak God ons reg deur Jesus Christus om in die regte skepping reg te leef – ons behoort aan die Here Jesus Christus en Hy gee ons vir mekaar volgens sy bedoeling en diens.

As God jou los in jou eie verdraaide opvattinge, sal jy vir God en jou naaste verlore wees. Jy sal 'n ander mens se besitting word, jouself moet prysgee om hulle beeld van jou te wees, te maak asof jy is wie hulle jou wil maak en jou oorgee om vir hulle begeertes gebruik te word, terwyl jy in jou eie hart, siel en verstand sal dink en glo jy leef in ware liefde: ons behoort aan mekaar, ons is mekaar se alles!

Kom ons leef as verlore mense in die regte lewe met regte mense: Ons behoort aan Jesus Christus. Ek behoort aan die Here en Hy gee my vir jou om met jou en diensbaar teenoor jou te leef.

Ons is verlos uit kamma-kamma land – Jy is myne en ek is joune!

